

# HOE OM DIE GROOTSTE VOORDEEL UIT JOU ERF TE TREK



**HOAP**

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR



## HOE OM JOU ERF VERSTANDIG TE GEBRUIK




Sorgvuldige beplanning vir die beste ligging, rigting en ontwerp van jou huis kan baie voordele inhou. Dink mooi oor wat jy nodig het - miskien wil jy jou huis later verbeter of 'n tuin aanlê, jy moet by die aansluitings vir dienste (pype en kables ens.) kan uitkom, veiligheid is belangrik, en goeie beskerming teen hitte, koue en wind maak jou huis meer gerieflik.

## DIE LIGGING VAN JOU HUIS



- *Gerieflike en sigbare toegang van die straat se kant.*  
Beheer die toegang tot jou huis en erf met deure en hekke wat jy kan sluit. Vanuit jou eie huis en vanuit jou bure se huise moet jou voordeur en tuinkekkie goed sigbaar wees. Jy moet kan sien wat gaan aan in jou tuin en in jou straat.



- *Gerieflike aansluitings vir dienslewering aan jou erf.*  
Jou huis moet nie só gebou wees dat dit toegang tot die munisipale dienste belemmer nie. Maak seker dat dit maklik is om jou vullis te verwyder. Elektriese kables en riool- en waterpype moet toeganklik wees. Kanale vir stormwater-dreinerings het plek nodig om die water van jou huis af weg te lei.



- *Plek vir aanbouings in die toekoms.*  
Maak voorsiening vir kamers wat jy later wil aanbou. Vra jouself af waar die vensters en deure moet wees sodat die kamers genoeg sonlig en lug kan kry.
- *'n Veilige en gesonde tuiste.*  
Beplan die ligging van jou huis se kamers en vensters sodat jy die grootste voordeel trek uit natuurlike sonlig en lugtoevoer - so kan jy klamheid en ongesonde toestande vermy. Maak jou huis gerieflik deur plafonne in te sit en dit te isoleer. Maak seker die afstande tussen jou vensters en jou bure s'n is groot genoeg om te verhoed dat 'n brand van een huis na die ander kan versprei.



- *Plek vir 'n tuisnywerheid.*  
As jy van jou huis af werk, maak seker dat daar genoeg veilige, skoon en gesonde ruimte beskikbaar is om kamers te verhuur of om 'n tuiswinkel, kantoor of werkswinkel in te rig. Maak seker dat dit toeganklik is vir die publiek asook vir die aansluiting van munisipale dienste.
- *Aantreklike en nuttige buitemuurse ruimte.*  
Aantreklike agterplase en tuine met plante, bome, skaduwees en groentebeddings bevoordeel jou die buitemuurse ruimte en verhoog lewenskwaliteit.

## DIE BELANGRIKSTE RAAD IS:



### DIE LIGGING VAN JOU HUIS

**Jy moet die plaaslike klimaat en faktore soos sonskyn, reën en wind in gedagte hou asook algemene toestande in jou buurt.**

- *Beplan uitsoek-kamers aan die noordekant van jou huis*

Kamers met vensters aan die noordekant van jou huis sal die winterson laat binnekom en terselfdertyd die beste beskerm wees teen die somerson. Groterige vensters moet dus aan die noorde- en oostekant

aangebring word om die sonlig te benut, terwyl kleiner vensters in kouer kamers sal verhoed dat te veel warmte ontsnap. Deur goed te bereken hoe groot die oorhangende deel van die dak moet wees, kan 'n mens beheer hoeveel sonlig die vensters gaan vang.

- *Vermyn of beskerm groot vensters aan die weste- en suidekant.*

Kamers met groot vensters aan die westekant sal baie warm en ongemaklik wees weens te veel son in die somer, terwyl kamers met vensters na die suide baie min sonlig sal kry. Gebruik dus kleiner vensters aan die weste- en suidekant, of beskerm dié vensters met dik gordyne of skadubome.

- *Deure en vensters moenie blootgestel word aan wind of lugstrome nie*

Beplan die ligging van jou huis só dat deure en vensters teen die wind beskerm is.



- *Vergroot die ruimte wat beskut word*

Bome en geboue kan beskutting verleen, skaduwee bied en help met goeie lugtoevoer.

**Let wel:** Dit is nie altyd moontlik om 'n erf of huis tot die grootste voordeel te benut nie. Klein erwe bied dikwels nie genoeg ruimte nie, die bure is te naby of die toegang tot die straat skep probleme.

Nogtans moet jy probeer om die grootste voordeel te trek uit sonlig en wind, omdat dit jou huis meer gerieflik sal maak. Dit sal jou help om energie te bespaar en om die koste van latere aanbouings laag te hou.

## HUISONTWERP EN -KONSTRUKSIE



- *Goeie fondamente*

Ondersoek die grondkwaliteit en klamheid op jou erf. Bou geskikte fondamente deur 'n vogbeskermingslaag (VBL) te gebruik. Kry advies oor hoe om jou mure en fondamente te versterk.

- *Erwe teen steil hellings*

As jou erf teen 'n steilte lê, moet jy dalk 'n platform voorberei voordat jy begin bou. Die fondament moet diep genoeg strek om vaste grond te bereik, en die stormwater moet na die straat se kant afvloei sonder om die grond op jou erf te verspoel.

- *Dreinerings van die erf en beskerming teen reën*

Maak seker dat die water van jou huis af weg dreineer, en verhoed dat water by jou huis instroom of klamheid die mure binnedring. Die vloer van jou huis moet minstens 150mm hoër lê as die omliggende grond. Dink aan die moontlikheid om jou huis te pleister en te verf.



- *Oorhangende dakke en gedeelde mure*

Doeltreffende oorhangende dakke hou vensters in die skadu en help om vensters en deure teen wind en reën te beskerm. Gedeelde mure help om ruimte en boumateriaal te bespaar, en dit beperk ook die area wat aan weersomstandighede blootgestel word. Vermoegter gedeelde mure aan die noordekant.

- *Isolering en lugtoevoer*

Bring 'n plafon aan en isoleer dit - dit help om jou huis knus en warm te hou. Ventilasioeroosters (airbricks) verhoed dat vogtigheid op die mure en vensters van jou huis kondenseer.



## LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:

- Hoe om jou huis warm te hou
- Hoe om jou huis op te knap



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD

Gepubliseer by Development Action Group  
101 Laer Hoofweg, Observatory, 7925  
Tel: (021) 448-7886 • Faks: (021) 447-1987